# POTCHEFSTROOM GIMNASIUM

## JAARVERSLAG 2025

Potchefstroom Gimnasium is ‘n formidabele skool wat baie geleenthede bied vir leerders om hulle volle potensiaal te bereik. Die skool het in 2025 vele hoogtepunte beleef en verskeie uitsonderlike prestasies behaal. Baie dankie aan elke Gimmie wat bygedra het tot die skep van tydlose herinneringe. Ons onderwysers, leerders, ouers asook die gemeenskap het doelgerig gewerk om nog ‘n uitsonderlike hoofstuk in die skool se geskiedenis te skryf.

‘n Besondere woord van dank aan die Beheerliggaam, onder leiding van dr. Jossie du Plooy, wat geen tyd of moeite ontsien om net die beste vir ons leerders te bied nie.

Bowenal, alle eer aan ons Hemelse Vader wat ons met pragtige leerders geseën het. Ons het groot suksesse op vele terreine, soos in hierdie jaarverslag uiteengesit, behaal en is opreg dankbaar vir ‘n geseënde jaar.

### 1. INFRASTRUKTUUR

#### 1.1 Geboue

Deurlopende verbeterings is aangebring en baie instandhouding is aan ons geboue gedoen. Twee klasse is geteël. Waar nodig is klasse uitgeverf. Twee klasse kry aandag vir gebruik in 2026.

Die plafonne in die Wiskunde-vierkant en ander plekke is geverf en herstel waar inbrake was. Die middelste klaskamervleuel en Wiskunde-vierkant se ligte is na LED’s omgeskakel. In kamer 24 is ’n gedeelte van die plafon en daklyste vervang. Vensterrame is geverf.

Alle lugversorgers is gediens in Junie/Julie en brandtoerusting in November. Vloedligte is rondom die skool opgesit.

Die dakoorhang rondom skoolgeboue is herstel en verbeter waar nodig. Die krieket-kleedkamers agter in die saal is oorgedoen en geverf. Die gimnasium het ’n toetsingskamer bygekry en dit is netjies ingerig. ‘n Aluminiumdeur is by die kantoorblok ingesit en ligte is op donker plekke geïnstalleer.

Die indruk wat die terrein skep wanneer daar by die skool verbygery word, is van onskatbare waarde. Ons het groot waardering vir fondse wat beskikbaar gestel word vir instandhouding en deurlopende herstelwerk.

#### 1.2. Skoolterrein

Vier hoof netbalbane is nuut oorgedoen en deurlopende verfwerk is gedoen.
Die sproeiers voor die personeelkamer is ook vervang. Beide krieketskerms is oorgeverf.
Nuwe ligte is langs die Musieksentrum opgesit en die sleepwa-area is voltooi.

## 1.3. Mooivallei

Voorbereiding en instandhouding van die velde was hoog op die prioriteitslys. Met die hulp van ouers en BL-lede is daar weer kunsmis op die velde gestrooi.

Altwee krieketskerms is oorgeverf. Die skerm naaste aan die pad is geskuif om plek te maak vir parkering. Snoeiwerk aan bome word deurlopend gedoen waar nodig.

Sproeiers is op ‘n gereelde basis herstel, aandag is ook aan die pomp gegee wat druk baie verbeter het.

Die astro se werk is aan die gang behoort Mei 2026 afgehandel te wees.

‘n Nuwe boorgat is gesink en ‘n opgaardam is in die beplanning vir besproeiing.

# 2. AKADEMIE

## 2.1 Matriekuitslae 2024

**Onderskeidings:**

| | |
|---|---|
| Nege | Carike Hattingh |
| Agt | Lana Burger |
| Sewe | Christi-Mari Coetzee, Jhanco de Beer, Duardt Erasmus, Danel Fourie, Martin Jonker, Johan Coeze, Riani Maré, Roné Potgieter, Johann Steenkamp, Tobias van Dyk, Thinus Vorster |
| Ses | Stefan Bezuidenhout, Elri Koornhof, Isabel Redelinghuys, Tumé van Niekerk |
| Vyf | Jamie Brewer, Alexia Delicado, Emma Fourie, Qizelle Kruger, Hugo Muller, Leané Nel, Richan Schoombee, Shana Strong, Lienka van der Merwe, Joné van der Walt, Sophia van der Walt, Sandri van Rooyen |
| Vier | Miané Botes, Jean Groenewald, Leané Hamman, Lourens Jacobs, Marïné Jacobs, Nerica Kruger, Kyra le Roux, Sihle Mahlangu, Hanri Schabort, Lize-Mari Schutte, Reïnt Toxopëus, Hesrie van Wyk |
| Drie | 15 leerders |
| Twee | 15 leerders |
| Een | 39 leerders |

Gimmies is baie trots op die feit dat ons in 2024 en 2025 by die Departement van Onderwys se nasionale uitnemendheidstoekennings-geleentheid as die beste kwintiel 4-skool in Suid-Afrika aangewys is.

Hierdie tipe erkenning span die kroon op ons leerders en onderwysers se harde werk en ons is dankbaar vir dié groot eer wat ons skool te beurt geval het.

## 2.2 Wiskunde-olimpiade

Daar het 27 leerders aan ronde een van die jaarlikse nasionale wiskunde-olimpiade van die *South African Mathematics Foundation* deelgeneem. Agtien leerders het deurgedring na ronde twee. Dit was uitdagend, maar die leerders het goed presteer. Die top 100 in elke kategorie (junior en senior) word geïdentifiseer om aan ronde drie deel te neem. Frederik van der Westhuizen, ‘n graad 12-leerder, is genooi om aan ronde drie deel te neem. In hierdie ronde het hy uitstekend gevaar en is na die prysuitdelingsfunksie in Johannesburg genooi waar hy aangewys as die top senior presteerder. Ons is baie trots op sy fantastiese prestasie.

**2.3 Wiskunde-verrykingsprogramme**

Sigma-wiskunde bied ondersteuning en verryking aan wiskunde-leerders. Baie leerders het vir die klasse ingeskryf en hulle is met ekstra hulp en voorbereiding vir toetse en eksamens bygestaan. Die verbetering in leerders se wiskunde-punte is 'n aanduiding van die sukses van die programme.

**2.4 Proverto nasionale hoërskole-olimpiade**

Gimmies het die jaar weer met trots deelgeneem aan die Proverto-olimpiade in Ekonomie, Besigheidstudies en Rekeningkunde, en ons leerders het uitstekend van hulle taak gekwyt. Een en twintig leerders het aan die eerste ronde deelgeneem, waarvan vyftien deurgedring het na die tweede ronde.

Anri Hamman, 'n graad 12-leerder, het vanjaar besonder goed gevaar. Sy het vir die Ekonomie-komponent 'n indrukwekkende gemiddeld van 97% behaal, wat 'n uitsonderlike prestasie is en 'n bewys van haar sterk akademiese vermoë en deursettingsvermoë.

**2.5 Besigheidsimulasie**

Mentorvennoot en die Afrikaanse Onderwysnetwerk het hierdie jaar weer die Gimmie-spanne geborg om aan die restaurantsimulasie-uitdaging deel te neem. Veertien graad 10- en 11-leerders is in drie groepe verdeel en het strategiese planne gemaak om die *Kasjiengville besigheid* winsgewend te maak.

Na vyf uur se planne beraam en baie berekeninge het die span, *Best Boulevard,* gewen. Joshua van Vreden, Yvette Loots, Jaco Venter en Viljoen Germishuys was in dié span. Hulle het die Restaurantsimulasie tot 'n wins van R1,660 miljoen bestuur en verower 'n vierde plek uit 42 spanne wat landswyd deelgeneem het. Tweede was *Low price lane* en derde *Average Avenue*.

**2.6 Afrikaans-olimpiade**

Vanjaar het vyftien leerders met goeie gevolg aan die Afrikaans-olimpiade deelgeneem.

**2.7 Wetenskap-olimpiade**

Leerders het in Augustus aan die nasionale wetenskap-olimpiade deelgeneem. Dit is een van die uitdagendste olimpiades waar leerders wat goed presteer ook oorsee kan gaan deelneem. Dit is verblydend dat meer Gimmies elke jaar aan hierdie olimpiade deelneem.

**2.8 Akademiese toer**

Die toptientoer is 'n jaarlikse hoogtepunt vir al die toppresterende leerders in graad 8-11. Vyf en sestig leerders het vanjaar die toer meegemaak.

Die toer het vroegoggend op Donderdag 12 September afgeskop. Leerders het die *Nelson Mandela Capture Site* besoek voordat hulle na die ATKV Natalia-oord in Illovo, KwaZulu-Natal, vertrek het. Vrydag het hulle by *uShaka Marine World* in Durban deurgebring. Saterdag is leerders met 'n reptieltoer en tradisionele Zoeloe-danse by *Phezulu Safari Park* bederf. Saterdagaand is die toer met 'n heerlike fliek afgesluit. Vanjaar se toer was beslis een om te onthou.

## 3. KULTUUR

### 3.1 Uitvoerende Kunste

Die Gimmie-Kamerkoor neem met groot sukses aan die ATKV-koorkompetisie, sowel as die Allegretto IPE deel. Die koor ontvang ŉ goue sertifikaat tydens hul deelname aan die ATKV se eerste uitdunrondte. Hulle eindig ook onder die nasionale top 3 in die Allegretto IPE. Ander optredes sluit verskeie koorkonserte o.a. Musica Juventi, wat deur die NWU-koor aangebied is, in.

Gimmies se vokale-ensembles: W3, Petite en Pzazz! neem ook o.a. aan die Animato A Capella-kompetisie en Allegretto Eisteddfods deel. Tydens die nasionale finaal van die Animato-kompetisie word Pzazz! as nasionale wenners aangewys, terwyl Petite ŉ nasionale derde plek verwerf. Pzazz! wen ook die kategorieë vir beste kostuum, beste ensemble en beste FAK voorgeskrewe lied, terwyl Petite aangewys word as die mees belowende groep én die kategorieë vir oorspronklikste tema en beste Afrikaanse verwerking wen.

Gimmies se koor en musiek-ensembles wys ook hul talente en passie tydens die jaarlikse Blou Roos Kunsteweek en Kunste-Krismis geleentheid.

### 3.2 Kunsakademie

Die afgelope jaar was Gimmies se Kunsakademie baie aktief. Dinsdae van 15:00-17:00 het laerskoolleerders klas gehad en Woensdae van 15:00-17:00 graad 8- tot 11-leerders van Gimmies en ander skole. Die volgende aktiwiteite is suksesvol aangepak en kreatief afgehandel: Kreatiewe Februarie-maand van liefde met hartmosaïek en blomvou, klei- en gipsgietwerk, heerlike galery-inspirasies vir eie kunswerkskepping, kreatiewe kolwyntjie versiering, maak van paper maché koekie, yslike groot pastelkunswerke, skilder met koffie en ervaring met verskillende nuwe, opwindende mediums.

Uitstappies is na Snowflake-kunsgalery onderneem waar hulle ervaringsveld verbreed is.

Leerders het suksesvol aan die Gimmie-Eisteddfod, asook die Allegretto-kompetisie deelgeneem. Brigitte Puttkammer is as die beste junior fotograaf op nasionale vlak aangewys. Matthew Delicado is as die beste nasionale visuele kunstenaar aangewys en ontvang die Lourens-trofee.

Madelé Harding ontvang ‘n medalje as die naaswenner vir visuele kuns. Rossouw Nel word as die beste junior ontwerpleerder en Amorette du Preez as die beste senior ontwerpleerder in Suid-Afrika aangewys.

Die volgende leerders se werke word as deel van top tien in Suid-Afrika aangewys: Jené Evert, Germari Badenhorst, Shaun du Plessis, Tihan du Plessis, Emma Rost, Li Janca Botha, Chelldene Ferreira, Renee Bezuidenhout, Aston Pratten en Anja du Rand.

### 3.3 Dansakademie

2025 was weereens ŉ jaar van groei, deelname en uitsonderlike prestasies. Die akademie bied drie dansgenres – Hip Hop, Kontemporêr en Jazz – aan. Hierdie jaar is vir die eerste keer A- en B-spanne in al drie dansgenres saamgestel, wat gelei het tot groter deelnamegeleenthede en ontwikkeling van dansers.

Die A- en B-spanne neem aan die Gimmies Eisteddfod deel. Die A-spanne het ook by die *DASA Awards* in Pretoria, terwyl die B-spanne aan *Talent Africa* in Klerksdorp deelgeneem het. Albei spanne het ook aan die Allegretto Eisteddfod deelgeneem en goeie resultate behaal.

’n Groot hoogtepunt vir die jaar was die spesiale fondsinsamelings-inlêfliek wat GDA saam met *Team SA* (Spanje-dansers) aangebied het. Die opbrengs van hierdie geleentheid het gegaan ter ondersteuning van beide GDA se ontwikkelingsinisiatiewe en *Team SA* se deelname aan die *Mediterranean Legends Festival and Competition* in Spanje. Team SA het Suid-Afrika met trots verteenwoordig en op internasionale vlak talle medaljes – 1ste, 2de en 3de plekke – huis toe gebring.

GDA is trots op elke danser se harde werk, dissipline en groei deur die jaar. Die akademie sien met opgewondenheid uit na nóg ’n jaar van dans, ontwikkeling en uitnemendheid.

### 3.4 <u>Dramaklub</u>

Die drama-akademie het 'n gebeurtenisvolle en lonende jaar gehad en beduidende prestasies behaal.

Die dramastudente het uitgeblink by die Gimmies-Eisteddfod, waar baie bo goud behaal het en gekies is om Gimmies by die Allegretto-Eisteddfod te verteenwoordig. Tydens hierdie kompetisie het hulle elke ronde oorheers, wat daartoe gelei het dat byna elke leerder die nasionale kompetisie gehaal het; die uitvoerende hoof van Allegretto het opgemerk dat Gimmies se dramaprogram nog nooit op 'n hoër standaard was nie. By die nasionale kompetisie het baie leerders goue medaljes verwerf, en sommige het dubbelgoud behaal.

Die drama-akademie het ook hul heel eerste musiekblyspel vervaardig: *Where Blazers Fall.* Die vertoning was 'n groot sukses.

### 3.5 <u>Toneel</u>

Gimmies se toneel, Agter die Gordyne, onder leiding van prof. Pierre-André Viviers, neem in 2025 aan drie interprovinsiale kompetisies deel. Die span vaar uitstekend en dring deur na die FAK-Allegretto Weekfinaal én die ATKV-Tienertoneelkompetisie Streekfinaal.

Tydens die FAK-Allegretto weekfinaal in die Ken Gampu-teater word Etienne Dannhauser as die beste akteur in ’n komiese hoofrol aangewys, terwyl Schalk van der Merwe die beste akteur in ’n komiese byrol is (al hul mede-akteurs is ook in dié kategorieë genomineer). Die produksie word ook as een van die top 3 komiese produksies by die FAK-Allegretto landsfinaal aangewys. Dis geen wonder dat dié produksie die sitplekke laat uitverkoop én die gehoor laat skaterlag tydens Gimmies se Blou Roos Kunsteweek nie! Die produksie en akteurs verwerf goue sertifikate by die ATKV-tienertoneelkompetisie en tydens die streekfinaal word Etienne Dannhauser, Shaun du Plessis en Pieter Kruger as beste akteurs in ’n hoofrol genomineer. Die verhoogbestuurder, Henriette Jansen van Vuuren, word bekroon met ’n gesogte Cum Laude sertifikaat (die hoogste moontlike prestasie by ATKV-tienertoneel) en word as die beste verhoogbestuurder by die streekfinaal aangewys.

### 3.6 Vlekvry

Vlekvry is ons jeuggroep wat leerders van graad 8-12 weekliks begelei om op ’n positiewe manier in hulle geloof te groei en ’n diepe verhouding met Jesus te ontwikkel. Die groep kom Woensdae bymekaar om deur aanbidding, gebed, en Bybelse leringe die Woord beter te leer ken en Jesus se boodskap in hul daaglikse lewe toe te pas. Hierdie byeenkomste skep ’n ruimte waar jongmense aktief kan deelneem, vrae kan vra, ervarings kan deel, en hulle kan toerus om Jesus se liefde met selfvertroue met ander te deel.

Donderdae kom dogters bymekaar en die byeenkomste is baie spesiaal. Temas soos selfbeeld en identiteit in hul rol as vroue in God se koninkryk is die fokuspunt.

Vlekvry se doel is om ’n blywende impak op ons skool en gemeenskap te maak deur die volgende generasie te bemagtig om Jesus se liefde en waarheid uit te leef.

### 3.7 Sasima-skoolkoerant

Die Sasima is in 2025 twee keer uitgegee. Die uitgawe is ook elektronies op Gimmies se sosialemediaplatforms gedeel.

Leerders skryf die berigte, neem foto’s en hanteer die taalversorging. Die redaksie word op ‘n praktiese manier aan die mediamilieu blootgestel en het onder leiding van me. Maryke van Heerden ook die bladuitleg hanteer.

### 3.8 Debat

Hierdie jaar was ’n merkwaardige een vir ons debatspanne, met uitsonderlike prestasies en groei wat ons skool se naam met trots laat weerklink het. Ses spanne het aan die ATKV-debatkompetisie deelgeneem en almal het uitstekend gevaar, met verskeie oorwinnings wat die harde werk en toewyding van ons leerders weerspieël het. Daarna het ons deelname aan die Con Spirito-kompetisie ons debatprogramme nóg verder laat skitter. Tien spanne het aan hierdie uitdagende kompetisie deelgeneem, waarvan ses dit tot in die semifinaal gemaak het, 'n indrukwekkende prestasie op sigself. Al tien spanne het boonop ’n gemiddelde punt van meer as 75% behaal, wat getuig van die hoë standaard en sterk voorbereiding wat aan elke debat gewy is.

Die hoogtepunt van die jaar was toe een van ons spanne deurdring na die landsfinaal – ’n uitsonderlike prestasie wat groot lof verdien. In die junior afdeling het Lienke Coetzee en Stephan du Plooy onder die top 10 in die land geëindig en ’n algehele vyfde plek behaal met ’n indrukwekkende 78% gemiddeld, asook die oorwinning in hul debat. Hierdie prestasies weerspieël nie net talent en intelligensie nie, maar ook deursettingsvermoë, spanwerk en ’n ware passie vir redenaarskuns. Ons is ongelooflik trots op elke spreker wat die skool waardig verteenwoordig het.

### 3.9 Redenaars

Die hoogtepunt van 2025 was toe Gimmies dertien juniors en vyftien seniors vir die ATKV-kompetisie ingeskryf het. Ons het twaalf leerders vir die onvoorbereide afdeling ingeskryf – en hulle het hulself ongelooflik goed van hul taak gekwyt!
Ons het vyf leerders (drie juniors en twee seniors) gehad wat onder die top tien in Noordwes geëindig het en Pieter Kruger het in beide afdelings na die landsfinaal deurgedring. Hy het ‘n sesde plek in die voorbereide afdeling behaal.

## 3.10 Spelkompetisie

Een Gimmie neem vanjaar met goeie gevolg aan die finaal van die ATKV-DigiSpel-kompetisie in Bloemfontein deel. Hierdie kompetisie verg baie ure se voorbereiding en ons is baie trots op die feit dat een van ons leerders die Noordwes-wenner was.

# 4. SPORT

## 4.1 Netbal

Gimmies eindig algeheel tweede by die NWU-Prestige-sportreeks. Die o.15A- en o.16A-span wen ’n goue-, die tweede span ’n silwer- en die derde span ‘n bronsmedalje.

Agt netbalspelers word vir Noordwes-spanne gekies.

By die Noordwes-dag eindig die o.17A- en eerste span derde. Die o.14A-span eindig eerste, en die o.15A- en o.16A-span tweede.

Ons is baie trots op al ons A spanne wat gekwalifiseer het om aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deel te neem. Die o.17A- en eerste span eindig twintigste en die o.14A-span veertiende.

Die o15A-span eindig sewende by die Kay Motsepe-toernooi.

Ons is baie trots op ons netbalspelers se prestasies en is dankbaar dat hulle harde werk beloon is. Die eerste toernooi vir B-spanne, wat Gimmies aangebied het, was ook ’n reusesukses.

### ***Fast five*-netbal**

By die Noordwes-dag het die o.17-span as naaswenners weggestap en die o.15-span was vyfde.

## 4.2 Hokkie

### 4.2.1 Dogters

Die 2025-hokkieseisoen was sonder twyfel een van die beste en mees geseënde seisoene vir Gimmie-dogtershokkie. Die dogters het met harde werk, deursettingsvermoë en sterk spangees voortreflike prestasies behaal.

Al die A-spanne kwalifiseer weereens vir die Top 12 Noordvaal-afdeling, wat ‘n bewys is van konsekwente gehalte en hoë standaarde. Die o.15A- en o.16A-spanne het elk tweede geëindig, terwyl die o.14A- en eerste span derde plekke ingeneem het teen top gehalte kompetisie.

Tydens die Noordwes Oremier-liga het Gimmie-hokkie nog ‘n hoogtepunt bereik toe die o.14A- en o.14B-, o.15A-, o.16A- en o.16B-, asook die eerste- en tweede spanne almal as liga- en Noordwes-wenners gekroon is. Die o.15B-span het as naaswenners uit die stryd getree. Sewe van Gimmies se agt dogterspanne behaal dus eerste plekke in die provinsie.

In die NWU-Prestige-sportreeks het die dogters hul mededingendheid verder bevestig deur algeheel tweede te eindig. Hulle het daarin geslaag om vyf eerste

plekke, drie vyfde plekke en ‘n sesde plek te behaal. Die dogters en seuns eindig gesamentlik algeheel eerste in die NWU-Prestige-sportreeks.

Hierdie resultate bevestig nie net die gehalte van die spelers nie, maar ook die toekoms wat vir Gimmie-hokkie voorlê.

### 4.2.2 <u>Seuns</u>

Die seuns se hokkie het in 2025 nuwe hoogtes bereik met die getalle van spelers in vergelyking met die hoeveelheid spanne beskikbaar. Dit is ‘n teken van groei, entoesiasme en die goeie gehalte hokkie wat by Gimmies aangebied word. Dit was ‘n seisoen waarin prestasie, toewyding en spanwerk opnuut bevestig het dat Gimmie-hokkie sy plek onder die bestes inneem.

Een van die hoogtepunte van die jaar was die NWU-Prestige-sportreeks, waar die seuns skoonskip gemaak het deur al die eerste plekke te verower. Saam met die dogters is die algehele eerste plek in die reeks behaal vir Gimmie-hokkie – ‘n prestasie wat die ongelooflike samehorigheid en standaard van Gimmie-hokkie ten toon stel.

Die o.14A-, o.16A- eerste span het die Noordwes Premier-liga met groot sukses aangepak en as liga- en Noordwes-wenners uitgetree, terwyl die o.16B- en tweede span trots in die eerste Division-liga meegeding het. Hierdie deelname het aan elke speler waardevolle blootstelling en ervaring gebied, en is ‘n bewys van dissipline en harde werk wat deur spelers en afrigters ingesit is.

Gimmies se A-spanne het weereens vir die gesogte Top 12 Noordvaal Beker-afdeling gekwalifiseer. Hier het die o.14A- en eerste span albei ‘n vierde plek behaal, terwyl die o.16A-span ‘n sesde plek ingeneem het.

## 4.3 <u>Krieket</u>

Gimmies het ‘n ongelooflike krieketjaar gehad.

### 4.3.1 <u>Seuns</u>

Tog kom daar met elke suksesstorie ook ‘n paar teleurstellings. Aan die begin van die skooljaar sluit ’n nuwe krieketdirekteur en drie nuwe afrigters by die skool aan. Die spanne neem van die begin van die jaar af al aan toernooie deel wat goeie voorbereiding vir die seisoen was.

In die Finsbury B-krieketliga wen die eerste krieketspan 3 uit 5 wedstryde en die o.15A-span 2 uit 5. Gimmies eindig algeheel vierde.

Gedurende die Junie-/Julie-vakansie toer verskeie spanne en dit is goeie voorbereiding vir die krieketliga waar die onderskeie spanne baie goed presteer het. Drie van die vier krieketspanne wen hulle Noordwes-liga en drie spanne neem aan Noordvaal-uitspele deel. Die o.15A-span wen die Noordvaal-liga. Die eerste krieketspan wen vir die eerste keer in tien jaar die Noordwes-liga.

Een en twintig spelers word vir provinsiale spanne gekies.

### 4.3.2 Dogters

Die dogters het hulle ook goed gekwyt van hul taak vanjaar. In die SA20-skolereeks wen hulle drie wedstryde en in die Noordwes-liga vyf van die ses wedstryde.

Gimmies se seunskrieketspanne vaar vanjaar baie goed. Al ons krieketspanne het toere onderneem.

Ons bied vir die tweede jaar die Gimmie-krieketfees vir o.16- en o.18-spanne aan. Die eerstespan wen vir die eerste keer die noord/suid derby teen Paarl Gimnasium en die o.15A-span eindig in die top 4 by Noordvaal.

Agt krieketspelers word in Noordwes-spanne opgeneem.

## 4.4 Rugby

Die 2025-rugbyseisoen was ’n merkwaardige jaar wat die groei, toewyding en uitnemendheid van die skool se spelers en afrigters bevestig het. Die eerste span hou Gimmies se naam hoog deur die Gimmie-Volkie-wedstryd met ’n telling van 21-12 – ’n prestasie wat die hele skool trots laat staan het.

Sewe spelers word vir provinsiale spanne gekies. Die onderskeie ouderdomsgroepe het uitstekende vordering getoon:

Die o.14A- en o.15B-span is beide wenners van die Noordvaal Bowl-afdeling. Die eerste- en tweede span het as naaswenners in hul onderskeie Noordvaal Bowl-afdelings geëindig. Algeheel het die skool ’n derde plek in die Noordvaal Bowl-afdeling behaal.

Die o.15- en o.17-sewesspanne het aktief deelgeneem aan die NWU-Prestige-sportreeks, waar hul vaardighede en spelpeil verder versterk is.

Hierdie hoogtepunte bevestig dat Potchefstroom Gimnasium se rugby nie net in tradisie gewortel is nie, maar ook voortdurend nuwe hoogtes bereik – ’n nalatenskap van trots en uitnemendheid wat jaarliks versterk word.

## 4.5 Tennis

Gimmie-tennis het 2025 op ‘n hoë noot afgeskop. Gimmies stuur ‘n junior span na Sun City se Menlo Mixit-toernooi en eindig eerste. Daarna vertrek ons beste dogters na die Paarl vir die Gerrie Berner-toernooi by Paarl Gimnasium en eindig 8ste uit 16 van die beste skole in die land.

Ons neem deel aan die NWU-Prestige-sportreeks deel waar die junior- en senior spanne eerste kom. Gimmies word as wenskool aangewys. Ons wen nega van die twaalf ligas. Ons kom vierde in die o.15-Affie-seuns toernooi en 5de in die meisiestoernooi. By die Absolut Menlo-toernooi eindig die dogters 6de en die seuns 2de. ‘n Seun- en dogterspan het by Buffelspoort deelgeneem en in Oktober het ons weer, in samewerking met die NWU, die Multisurface NWU Potch Gimmies tennistoernooi aangebied.

## 4.6 Atletiek

Gimmies begin die jaar met hul atletiekseisoen tydens ’n oefenkamp by Fish Eagle Riverside Retreat, net buite Potchefstroom. Atlete neem onder meer aan byeenkomste by Affies, Zwartkop, Noordheuwel Top 15, die Noordwes-Interhoër en die Superinterhoër deel. Gimmies se dogterspan behaal ’n puik prestasie deur die Noordwes-Interhoër se dogterafdeling te wen, terwyl die skool algeheel tweede in die Superinterhoër B-afdeling eindig. Drie en twintig atlete het aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deelgeneem. Dianie du Preez, Imké Bornman, Renate van der Merwe en Andrea Steynberg verower elk ’n goue medalje in hul onderskeie items. Renate van der Merwe stel boonop ’n nuwe Suid-Afrikaanse rekord tydens die kampioenskappe op. Stephanie Bamm verower ’n derde plek in hoogspring en Oarabile Koena en Lizé van Zyl verwerf onderskeidelik ’n bronsmedalje in die 4 x 100 m-aflos en die 100 m. Stephané Hook het ook met ’n silwermedalje weggestap tydens die ASA Senior Atletiekkampioenskappe.

Stephané Hook en Lizé van Zyl is gekies om Suid-Afrika by die Zone 5 Jeugkampioenskappe in Namibië te verteenwoordig, waar Stephané ’n goue medalje in spiesgooi en Lizé ’n bronsmedalje in die 100 m verower het. Andrea Steynberg is verder gekies om Suid-Afrika te verteenwoordig by die o.18- en o.20-Afrika-kampioenskappe in Nigerië, waar sy ’n goue medalje in die 4 x 400 m-aflos verower het. Gimmies is uiters trots op ’n uitstaande atletiekseisoen en die puik prestasies van al die atlete.

## 4.7 Landloop

Landloop is pret vir die langasems. Ongeveer vier en twintig atlete het gedurende die seisoen aan ‘n aantal ligas deelgeneem. By die NWU-Prestige-sportreeks eindig Gimmies tweede en by die Noordwes-kampioenskappe kom vier atlete eerste, twee tweede en een derde.

Twintig atlete word in die Noordwes-landloopspan opgeneem wat aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deelneem.

Topprestasies by die Suid-Afrikaanse kampioenskappe:
Dogters o.17 – Andrea Steynberg: silwermedalje en Abbigail Viljoen: negende
Junior dames – Alri Verster: sesde
*Youth*-seunsafdeling (2 km) – Bertus vd Linde: sewende
*Youth*-dogtersafdeling (2 km) – Andrea Steynberg: goue medalje
Junior dames – Alri Verster (2 km): vierde

## 4.8 Luggeweerskiet

Agt en twintig skuts is vanjaar in die skyfskietspan en het aan ses ligas, provinsiale proewe en die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deelgeneem. Die skuts word volgens hul beste drie ligas na die provinsiale proewe genooi. Sewentien skuts het aan die proewe vanjaar deelgeneem en vyftien is gekies om aan die nasionale kampioenskappe deel te neem.

Ons is hierdie jaar aangewys as die kampioenskool in Noordwes. Vanjaar se skutleiers is Kaylene du Plessis en Casper Badenhorst. Kaylene du Plessis verwerf ook haar Suid-Afrikaanse kleure.

## 4.9 Gholf

Gimmies het vanjaar sewe gholfspanne: ‘n o.15A- & -B-span, vier oop spanne en ‘n dogterspan.

Twee ligarondes het voor die jaarlikse Sun City-toernooi plaasgevind. Gimmies wen die B-afdeling by Sun City en Adriaan van Niekerk word as die speler met die beste “net” totaal aangewys. Later in die jaar het nog twee ligarondes gevolg. Die o.15A-span is mede-wenners van hul liga, ‘n prestasie waarop ons baie trots is. Jahndré Coetzee verteenwoordig Noordwes by ‘n vriendskaplike toernooi teen ander provinsies.

Die Gholf-Akademie is goed op dreef en spelers kry reeds privaat afrigting. Die setperkgedeelte is voltooi en leerders is reeds hard aan die oefen om hul setwerk te verbeter.

## 4.10 Skaak

Gimmies se junior- en senior span wen vanjaar die NWU-Prestige-sportreeks en word ook aangewys as die algehele wenners vir 2025, ‘n uitmuntende prestasie waarop ons baie trots is.

Ons skryf ‘n span in vir die Alex Forbes-aanlyntoernooi. Daar neem 2016 spelers vanuit 288 skole reg oor die land deel. Gimmies is die Noordwes-naaswenners en dring deur na die finaal waar ons onder die Top 10 in die land eindig.

Ons neem ook deel aan die Potchefstroom-dorpsliga, ‘n vriendskaplike toernooi, waar die o.19A-span die algehele wenners in die kategorie is.

Ettienne van Meersbergen en Dewald Coetsee behaal uitstekende prestasies op individuele vlak.

## 4.11 Swem

Die afgelope swemseisoen was vol hoogtepunte. Ons span het die NW-sweminterhoër gewen, ’n groot prestasie waarop ons trots kan wees. Ons het ook vyf swemmers gehad wat aan die SA Skolekampioenskappe deelgeneem het, wat nog ’n bewys is van die harde werk en deursettingsvermoë van ons span. Daarbenewens het nege van ons swemmers aan die Suid-Afrikaanse Junior Kampioenskappe deelgeneem, wat hul ongelooflike toewyding en talent wys.

## 4.12 Muurbal

Vanjaar het agt spanne in die gemengde liga van die Potchefstroom hoërskole-muurballiga deelgeneem. Die nie-amptelike wenners is Parys uitnodigingspan en Gimmies 1 is die ligawenners. Gimmies 2 was derde.

Ethan Metcalfe, Nathan Metcalfe, Michiel Genis, Pieter Redelinghuys, Kylie Visagie en Kian Cloete het Noordwes-kleure verwerf. Hulle verteenwoordig Noordwes by die Suid-Afrikaanse plattelandse distriktoernooi. Kylie Visagie is vir die SACF-span gekies.

## 4.13 Bergfiets

Elke jaar reël ons opwindende geleenthede in samewerking met vier uitgesoekte skole, wat elke instelling die geleentheid bied om die toewyding en harde werk van hul fietsryers ten toon te stel. Hierdie kompetisie beklemtoon nie net hul pogings nie, maar gee hulle ook die kans om vir 'n plek op ons punteleer mee te ding.
Ons agt bergfietsryers presteer uitstekend in 2025 en ons is baie trots op die individuele prestasies wat hulle behaal het.

## 4.14 Gimmie-Volkie

Die Gimmie-Volkie-kragmeting is vanjaar deur ons aangebied en was weer eens 'n hoogtepunt op ons skoolkalender. Drie van ons vier eerste spanne wen hulle wedstryde en van die nege en twintig wedstryde wat gespeel is, het ons twee en twintig gewen en twee gelykop gespeel. Die gees, sportmanskap en ondersteuning het die naweek nog spesialer gemaak.

## 4.15 GSOK

**Fondsinsamelings**
GSOK-gholfdag, wat op 11 April gehou is, was baie winsgewend. Maandelikse netwerkgeleenthede vir GSOK-ondernemings is suksesvol van stapel gestuur. Pienaar-Boufonds word versterk met R20 000. Gebruikte sportklere en toerusting is ingesamel vir behoeftige leerders.

**Bemarking**
Werk saam met Eastvaal Multi met insameling van sporttoerusting vir Es le Grange. Veertien nuwe sportvideo's het die lig gesien.

**Fasiliteite en hulpbronne**
Agt gazebo's, agt baniere en vier A-rame is aangekoop vir bemarking. 'n Nuwe telbord is by Mooivallei-sportgronde geïnstalleer en word ook as advertensie moontlikheid gebruik.

**Lidmaatskapgroei**
Tans het GSOK 221 ingeskrewe besigheids- en individuele lede.

# 5. OPEDAG

Die Opedag is op 12 Mei gehou. Die geleentheid het op die Gimmie-Oval afgeskop waar die graad 7's en hul ouers na 'n pragtige bemarkingsvideo van die skool gekyk het. Graad 7-ouers en -leerders kon vooraf die koshuise besoek. Die doel van dié aand was om die skool op 'n prettige manier vir voornemende Gimmies te wys en om hulle opgewonde te maak oor hulle hoërskoolloopbaan. Terwyl graad 7's deur die Gimmieraad en personeel besig gehou is, het die hoof die ouers toegespreek en daarna het hulle gekuier.

Ouers het ook die geleentheid gehad om op 'n begeleide toer deur die skool te gaan. Daar was verskillende sport- en kultuurstalletjies. Die voornemende Gimmies is met 'n geskenkpakkie bederf, maar die leer van die unieke Gimmie-dans en -krete was 'n hoogtepunt. Hulle het die aand met 'n *flash* mob-dansvertoning vir hul ouers afgesluit.

Ons sien met afwagting uit na 'n oulike groep graad 8's wat volgende jaar deel van die Gimmie-familie word.

## 6. KOSHUISSAKE

Cachet het vanjaar 126 dogters gehuisves en Brandwag 105 seuns.

Met dreigende krag- en waterprobleme is kragopwekkers en gas-oonde aangekoop. ‘n Nuwe dam is opgesit om water te stoor.

Deurlopende verbeterings is aangebring. Brandwag spog met nuwe matrasse en gordyne.

Die koshuise is gedurende vakansietye vir toergroepe, wat toernooie bywoon, gebruik en dit bly ‘n handige ekstra inkomste vir die koshuise omdat die wins aangewend kan word tot voordeel van ons koshuisleerders.

Nuwe tradisies is begin en die gevoel van ‘n hegte koshuisfamilie groei steeds by albei koshuise.

## 7. FINANSIES

Tydens die begrotingsvergadering in November 2024 is die gelde vir 2025 vasgestel en graad 8-12 se skoolgeld het vanjaar R29 500 beloop en die koshuisgeld R42 060.

## 8. PERSONEELAANGELEENTHEDE

Gimmies is baie dankbaar dat ons nuwe hoof, mnr. Michael van die Merwe, op 1 Desember reeds by ons aansluit. Ons sien uit na dit wat Gimmies onder sy leiding gaan vermag.

Ons groet me. Hanlie Smuts wat na 18 jaar by Gimmies aftree. Mag sy gedurend hierdie nuwe hoofstuk in haar lewe baie vreugde ervaar.

Me. Anel Hulley verlaat ons aan die einde van die jaar en mnr. Jacques Botes het bedank as sportdirekteur. Hy is wel steeds betrokke by die skool in 2026.

Baie geluk en welkom aan die nuwe personeel wat in 2026 by ons aansluit:

- Me. Louise du Preez (Wiskunde)
- Me. Bessie Breytenbach (Bemarker)
- Me. Anine van der Merwe (SW en LO)

## 9. OMGEE-PROJEKTE

Die Gimmie-gebedsgroep en Manna-projek loop hand aan hand. ‘n Groep Gimmie-mammas bid elke Maandag-oggend vir die skool, leerders, onderwysers en Gimmie-gesinne. Hieruit het die Manna-projek ontstaan waar ouers donasies of produkte gee wat gebruik word om Maandae tot Vrydae kos aan twintig behoeftige leerders te voorsien. Ouers help ook met toiletware waar nodig.

## 10. GIMMIE-NEURS

Gimmie-neurs het sy ontstaan te danke aan die ekonomiese klimaat in Suid-Afrika. Die klub se visie is om voornemende entrepreneurs te inspireer en aan te moedig om passievol oor unieke besigheidsidees te wees. Leerders word toegerus om begeesterde

besigheidsleiers te wees wat in die toekoms selfonderhoudend kan wees en hulle eie unieke produkte en/of diens lewer.

## 11. ROBOTIKA

Graad 11- en 12-leerders het by die NWU se robotika-program ingeskakel. Die leerders het dit baie geniet en die blootstelling was verrykend.

## 12. LANDBOUVERENIGING

Gimmie-Landbou het hierdie jaar vanuit ‘n droom gespruit en LimaGrain het die saad help ontkiem. Ons het die Bielie-Mielie Fees en Nampo bygewoon en LimaGrain se proefplaas besoek. Die leerders het die geleentheid gekry om in meer diepte na ‘n klein boerdery (MC Roode Rylaan) te kyk en kon dit later met die kompleksiteit van ‘n voerkraal vergelyk. Ons het ‘n gemiddeld van tien leerders per uitstappie gehad. Ons is baie dankbaar vir Reinke en Omnia wat tydens Nampo baie moeite gedoen het om ons te ontvang en meer van hul maatskappye te vertel.

## 13. TEN SLOTTE

Wanneer ons terugkyk sien ons duidelik hoe die Here ons hand vasgehou het en ons gelei het deur die jaar. Daar is ook tye waar die enkel ry spore daarop dui dat Hy ons gedra het deur die moeilike tye. Aan Hom al die eer vir ‘n uiters suksesvolle 2025.

Ons kyk egter ook in alle nederigheid, maar met groot afwagting vorentoe na 2026. Mag ons kollektiewe strewe na verbetering die rigtingwyser vir ons almal wees om die skool van krag tot krag te laat gaan. Ons nooi u uit om in 2026 deel te raak van ons drome vir die skool.

M Marx
Waarnemende hoof